Joe Niemand Foto: NEELS JACKSON

Musiekvideo aan Zuma gee 'n stem aan misdaadslagoffers

Joe Niemand van die sanggroep Niemand gaan óók 'n brief aan pres. Jacob Zuma skryf.

In die brief vertel Niemand van sy twee vriende wie se ma met 'n hamer doodgeslaan is en sy vriendin wat voor haar twee kleuters doodgeskiet is.

Maar hy wil ook aan Zuma sê dat hy vir hom bid.

Niemand se brief is een van derduisende wat Solidariteit Dinsdag by Tuynhuys in Kaapstad aan Zuma gaan oorhandig.

Niemand het gister gesê hy wil ook aan Zuma 'n kopie van "Jericho", sy nuwe musiekvideo, saamstuur.

In dié video, wat gister op Solidariteit se sTube bekendgestel is, staan mense met foto's van hul geliefdes wat hulle weens misdaad aan die dood afgestaan het.

Volgens Niemand het hulle 'n idee vir 'n video gehad en verskeie mense "in ons kringe" het na vore gekom en gesê hulle wil deel van die projek wees.

Met dié video, het Niemand gesê, het hulle 'n gesig en 'n stem gegee aan die mense wat weens misdaad dood is, maar ook aan dié wat agtergebly het.

"Dit is 'n manier om hul geliefdes te eer.

"Die mense (wat weens misdaad dood is) is mense wat liefgehad is," het Niemand gesê. "Die 'song' is 'n gebed."

Niemand het gesê hy weet nie hoekom Zuma nie drie weke gelede Suid-Afrikaners se protesbriewe oor misdaad ontvang het nie, maar hy weet "Suid-Afrikaners het nodig dat ons president deernis toon met mense wat geliefdes weens misdaad verloor het". – **Hilda Fourie**